

Beeldende taal: Bybel en poësie

C J A Vos

Dekaan: Fakulteit Teologie

Universiteit van Pretoria

Abstract

Representing language: Bible and poetry

In this article the impact and effect of representing language in the Bible and poetry is considered. The landscape of metaphors is viewed and their different functions are indicated. The language of imagery is explored especially through a closer look at Psalm 23. The picturesque power of selected poems is reflected on. The locale of Psalm 23 in the liturgy is also investigated

1. INLEIDING

Die vraagstelling wat in hierdie artikel aan die orde kom, is die rol wat beeldende taal in die Bybel en poësie speel. Met die oog hierop kom beeldende taal en die metaforiese landskap onder die soeklig. Die verskillende funksies van die metafoor vra ook aandag. Daar word voorts gefokus op die neerslag van Psalm 23 in die Liturgie. Die artikel word afgerond met beeldende taal in die poësie.

2. BEELDENE TAAL

Poësie is by uitstek die genre wat van beeldende taal gebruik maak en dit self ook skep. In die gedig *Mondholte*¹ (Vos 2001:8) word mondreise beskryf en hoe woorde op papier uitmond. In dié proses draf die tong driftig om slapende woorde in die mond wakker te klop. T T Cloete (2001) omdig die eerste strofe van Psalm 45 soos volg:

Mooi woorde wat my diep ontroer,
dié dra ek aan my koning voor;
my tong, deur geesdrif meegevoer,
word daardeur vaardig aangespoor.

Maar waar vind 'n mens die “mooi woorde”? Cloete (1989:49) is van mening:

daar is meer poësie in die sneeuvlokkie
as in die letterkunde en baie meer poësie
in die miskruier in die toktokkie
in die meteorologie en entomologie
in die moremis en in die bergpiek
die horison wat in die hemel wegraak
in die rooswolk is daar baie meer liriek
die aarde is deur 'n digter gemaak.

Die Groot Digter gee aan mense die vermoë om sy digwerk voort te sit. Dit gee vreugde en sin aan die mens se bestaan. Met die oog op mondreise is taal onontbeerlik. Die gedig, *Die beiteljtjie*² (Louw 1988:186), begin amper soos 'n kindergedig. Ek tel iets op, ek kry 'n geskenk. In die loop van die gedig word die woord magtig. Dit word “'n bars wat van my beitel af dwarsdeur die sterre loop.” Die skeppingsproses is 'n kreatiewe daad. Breyten Breytenbach (1998:14) dig soos volg oor dié proses:

hierdie is die lekkerste tyd van die maak:
wanneer alles nog onoop- of onopgemaak is
en jy in konsepte beweeg van 'n oopmaakgedig
na reisbeskrywings van die self
na honde se vrese in die hartjie van die nag
na blomme op jou ouers se graf
na 'n klaagsang vir 'n dooie land

en alles is moontlik en niks
het die klam finaliteit van woorde nie:
die beelde flits soos vonkpos deur die ruim
jy is die holte waaruit die grense gebore
en uitgelê gaan word in 'n bundel buiteposte
(elke gedig is 'n eensame plek)

3. VERBEELDINGSVLUGTE

Tekste is soos 'n maaltyd. Die bord is oorlaai met lekkernye. Die fynproewer kan die verskillende disse met mes en vurk saamvoeg of uitmekaar haal. Die verskillende tekslae word sorgvuldig beproef en ondersoek. Daarom word daar in liturgiese taal aandag gegee aan die tekslae se samestelling. Soos 'n ui het 'n teks verskillende lae. Dit vra dat daar aandag aan die sinsbou en woordkeuse gegee moet word, en hoe onder andere metafore, vergelykings, ironie en retoriese strategieë gebruik word.

Bybelse taal is metaforiese taal. Daarom moet ons spreke metafories wees, anders is daar geen spreke tot/oor die Onsienlike nie.

4. DIE METAFORIESE LANDSKAP

Gesien teen die eis van logiese taalgebruik is die metafoor vir baie filosowe 'n geval van katachrese (woordmisbruik), 'n noodsaaklike euwel of 'n blote versiering, en daarom nie geskik vir die uitdrukking van proporsionele “waarhede” nie (Gräbe 1992:288). Selfs in die sestigerjare vind die filosoof Max Black (1962) dit nog byvoorbeeld nodig om dié gebruik van metaforiese taalgebruik in filosofiese geskrifte te verdedig.

Die tradisionele, maar ook die algemene beskouing in verband met verskynsels soos metaforiek, hiperbool (stylfiguur wat van buitengewone oordrywing gebruik maak as uiting van 'n hewige gevoel of om 'n sterk indruk te maak), litotes (stylfiguur waardeur iets belemtoon word deur die ontkenning van die teenoorgestelde, of deur verkleining of deur versagting, byvoorbeeld hulle gaan my ou boekie ook publiseer; dit gaan nie sleg nie (= goed), ens), is dat hulle “stylfigure” is wat uitsluitlik tot die wêreld van die poësie, die verbeelding en die retoriek behoort. Metafore, en die ander genoemde “stylfigure” is beskou as retoriese middels wat in hoofsaak sou bydra tot die stilistiese verfraaiing van veral literêre tekste (Carstens 1992:114; 1993: 85).

Die betekenis van die metafoor staan nie klinkklaar vas nie en die uitwerking daarvan kan nie presies voorspel word nie. 'n Metafoor is normaalweg 'n woord of segging wat binne 'n ongewone konteks gebruik word om ons daardeur tot nuwe insigte te lei. Daarom is metafore plofstof wat mense tot nuwe insigte ruk en nuwe wêrelde oopskiet. Metafore stel skrywers in staat om die verrassende, die onopvallende, die skynbaar teensprekende en die ironiese te vind.

5. FUNKSIES VAN DIE METAFOOR

Aristoteles onderskei drie soorte woorde: vreemd, gewoon en metafories. Vreemde woorde gee aan ons hoofbrekens; gewone woorde dra dit oor wat ons reeds weet; dit is die metafoor wat ons iets nuuts en vars bied (Carson 2000:30).

Ten einde die trefkrag, die nuutheid en die varsheid van metafore te peil, moet bepaalde funksies van metafore onderskei word.

5.1 Die metafoor skep spanning

'n Metafoor help om die onbekende in terme van die bekende te begin verstaan (Van Huyssteen 1986:159). Metafore dien nie net om iets te “benoem” nie, maar dit verleen ook toegang na dit waarna verwys word (Van Huyssteen 1997:188; Hirsch 1999:289). Op dié manier word 'n brug, 'n interaksie tussen “saak” en “beeld” geskep. Deur die beeld word toegang tot die saak bewerk.

Eie aan die metafoor is dat dit *taalspanning* skep (Ricoeur 1975, 1979, 1986). Waar Tennyson (1956) in sy *In Memoriam* bely:

I sometimes hold it half a sin
To put in words the grief I feel;
For words, like Nature, half reveal
And half conceal the Soul within

is dit nie in hoofsaak 'n uiting van Viktoriaanse preutsheid en moraliteit nie, want hy verwoord hier 'n spanning wat die gevoeligste kunstenaars van alle tye ken wanneer hulle in hulle kunswerk van die spanning tussen “reveal” en “conceal”, bewus bly. Dit is die spanning wat 'n metafoor oproep: dié tussen onthul en verhul. In die metafoor, God is 'n rots (Ps 18:2), word altwee die helftes, die saak en die beeld (God en rots) saam in 'n komplekse spanning gevoeg wat sowel die ooreenkomste as die verskille erken. Op dié manier ontstaan 'n dinamiese interaksie tussen “saak” en “beeld”. Die interaksie by die gebruik van metafore vind nie slegs op die vlak van woorde plaas nie, maar ook op die vlak van betekenis. Hierdie interaksie wat metafore bewerk, maak ruimte vir verbeelding.

Deur die verbeelding word die diepere lae van die innerlike bereik as wat dit deur die ratio die geval is (Siertsema 1998:379).

Die metafoor werk tegelyktydig met die paradoks van *dit is* en *is ook nie* (Ricoeur 1979:27; Hirsch 1999:13). Die spanningskwaliteit van 'n metafoor bevestig en ontken terselfdertyd dat iets die geval is. Daar is, volgens Ricoeur (1977:221-224, 255-256), 'n implisiete “en is ook nie” in elke positiewe metaforiese bewering. Die konkrete metafoor, God is 'n rots, bevestig dat daar 'n verband tussen God en 'n rots gelê word (vastigheid, sterkte, skuiling), maar bewaar steeds die “is ook nie” element. God is nie 'n rots nie. In die geval van 'n abstrakte metafoor soos “God is liefde” (1 Joh 4:8,16), geld die “is ook nie” egter nie. God is liefde, maar Hy is nie liefde nie. Die hoorder se konseptuele raamwerk waarmee hy waarneem, lei daartoe dat die God-as-rots metafoor assosiasies van vastigheid, sterkte en geborgenheid meebring. Op hierdie manier word nuwe perspektiewe op God en ervaringe van Hom moontlik gemaak.

5.2 Die metafoor verbind verbandhoudende werklikhede

Die proses van metaforiese plaasvervanging vestig die aandag op twee realiteite wat op een of ander manier met mekaar verband hou. In die voorbeeld, God is 'n son (Ps 84:12), word die aardse werklikheid representatief vir God se werklikheid. Son is vir die aarde lewend. Die metafoor wys daarop dat God vir die wat in opregtheid leef, die bron van lewe is.

5.3 Konvensionele metafore

Ons alledaagse konseptuele sisteem wat ons denke en handeling bepaal, is fundamenteel metafories van aard (Lakoff & Johnson 1980:3). Dit beteken dat alle taal deur *konvensionele metafore* deurdring is. Onder konvensionele metafore word metafore verstaan wat gegrond is in alledaagse ervaringe wat gevolglik die wyse waarop mense dink en met die wêreld kommunikeer, struktureer. Aangesien metaforiek nie net in taal uitmond nie, skep dit ook op denk- en handelingsvlak nuwe moontlikhede en uitsigte.

Met behulp van beeld-skemas verstaan ons nie slegs metafore nie, maar ook dit wat ons meestal in die wêreld aantref (Johnson 1987:xiv). Beeld-skemas is nie net denk-”beelde” nie, maar dit is enige konsep waarvoor ons beskik om byvoorbeeld 'n weg, 'n reis,

ensovoorts te vorm. Ons het almal 'n konseptuele verstaan van 'n reis wat ons in staat stel om 'n segging wat metafories oor iemand se lewe as 'n reis praat, te begryp. Hierdie konseptuele metafore maak dit moontlik om in die proses van verstaan, 'n herrangskikking van wat die metafoor kommunikeer te laat plaasvind.

In die eerste eeuse Palestina het 'n breë pad en 'n groot hek na 'n positiewe bestemming gelei, miskien selfs 'n groot stad. Hieruit volg dat dit verwag sal word dat die metaforiese koppeling van die konvensionele metafoor, die lewe is 'n reis, die verwagting van 'n breë pad en 'n groot hek op 'n positiewe manier skep. Die beeld-skema wat met die breë pad en groot hek geassosieer is, sal na alle verwagting 'n gunstige bestemming insluit. In Matteus 7:13-14 kom 'n herinterpretasie voor van die konsep lewe, wat normaalweg as 'n reis aangedui word. Enige reisiger sou as 'n reël die maklikste en breedste pad gekies het, en een waarop mense dikwels reis. Maar die lewe en die reis waarvan hier sprake is, verskil van die normale reis. Anders as 'n normale reisiger, kies die reisiger op die pad van die koninkryk die moeilikste pad, die nou pad. Die konsep lewe word gestruktureer in terme van ons beeld-skema van 'n reis waar keuses wat hier en nou gemaak moet word, implikasies vir die uiteindelijke bestemming het (Liebenberg 2001:117-128).

In 'n advertensie op die Suid-Afrikaanse TV word die kyker aangemoedig om 'n sekere motor te koop. Die slagspreuk lui: *die lewe is 'n reis*, 'n metafoor uit die alledaagse lewe waarmee kykers vertrou is. Die lewe is immers 'n reis en in die advertensie word 'n bepaalde motor met 'n plesierige reis geassosieer. In die godsdienst is mense net so ontvanklik vir hierdie konvensionele metafoor. Hier kry dit 'n ander betekenis en waarde. Die lewe is 'n reis in geselskap van God; 'n opwindende vreugdevolle reis met 'n verrassende bestemming.

5.4 Die metafoor as netwerk

Ricoeur (1977:44) het daarop gewys dat “die primêre eenheid van betekenis” die sin en nie die woord is nie. As daar na metaforiese taal verwys word, gaan dit nie slegs om 'n funksie van *woorde* nie, maar ook om die totale ko(n)teks waarbinne woorde (frases) gebruik word. Onder konteks word nie net die literêre aspekte (dws makrostruktuur, diskoers, narratief, ensovoorts) verstaan nie, maar ook ander ko-”tekste” soos die benoemde subjek (dws die skrywer of leser/hoorder), wat sy/haar sosio-historiese agtergrond en literêre kompetensie

insluit. Die liturg moet steeds daarvan bewus bly dat talle metafore nie tot 'n enkele geslote konteks beperk is nie, maar oor die ganse geskrif versprei kan wees.

In die metaforiese dinamiek van Psalm 23 speel die herdermotief 'n sleutelrol. Hierdie metafoor kom dikwels in die Ou Testament voor. In talle gedeeltes word Jahwe as die herder van sy volk voorgestel (vgl bv Ps 80:2; Jes 40:11; 49:9 ev; 63:14; Jer 23:3; Eseg 34:10; vgl ook Ps 74:1; 79:13; Hos 4:16). Die herdermetafoor word in die Ou Testament gebruik om Jahwe as herder van sy kudde of volk voor te stel, maar in Psalm 23 word die metafoor geïndividualiseer. Hier word gepraat van “my” herder.

Rondom die herdermetafoor is daar in Psalm 23 'n metaforiese netwerk opgebou. Psalm 23 kan struktureel in vier strofes, wat chiasies georden is, verdeel word, naamlik 1b-3: belydenis/getuienis oor Jahwe (Hy-ek); 4: vertrouensgebed tot Jahwe (ek-U), 5: vertrouensgebed tot Jahwe (U-ek) en 6: belydenis/getuienis oor Jahwe (ek-Hy) (Zenger 1993:152).

Daar word hier aandag gegee hoe die herdermetafoor op die weivelde van die eerste strofe voorkom. Die nominale sin, “die Here is my herder” (1b), lei nie net die volgende stiges waar die herdermetafoor verder ontvou word voort nie, maar dit geld waarskynlik as opskrif en samevatting van die sentrale tema van die hele psalm (Miller 1986:113; Mittmann 1980:7). Die feit dat die naam Jahwe in hierdie nominale sinskonstruksie voorop staan, plaas klem op die subjek, naamlik Jahwe. In die fyn gekomponeerde psalm, staan Jahwe nie net aan die begin van die psalm nie, maar ook aan die einde van die psalm (6b). Hierdie Godsnaam wat twee keer in die psalm voorkom, vorm dus 'n omraming van die psalm (O'Connor 1984:229; Spieckermann 1989:274). Die inclusio (omraming) word verder versterk deur die alliterasiepatroon van “ek kom niks kort nie” (1b) en “en ek sal tuis wees” (6b); asook die eerste-persoon-werkwoordsvorme “ek kom kort” (1b) en “ek sal tuis wees” (6b) (Prinsloo 1991:34).

Die herdermetafoor brei uit na die frase “ek kom niks kort nie”, wat die segging “die Here is my herder” toelig. In die eerste strofe word verder beskryf wat die digter nie sal kortkom nie, naamlik voedsel, veiligheid en ook vreugde (Prinsloo 1991:45).

In 2a-3b kom die netwerk van die herdermetafoor duidelik aan die lig. Die “groen weivelde” en “waters” is in die semi-woestyngebied van Palestina skaars. Eintlik is daar net sprake van 'n groen kolletjie gras by 'n fontein. In sulke omstandighede is die kudde van 'n

goeie herder afhanklik. Hy is immers vertrouwd met “groen weivelde” en “waters” waarheen hy sy kudde lei sodat hulle gedurende die warm middaguur daar kon rus (Zenger 1993:153-154); hy lei sy kudde op die regte paaie sodat hulle nie afdwaal of verdwaal nie. Deur die uitdrukking “groen weivelde” en “waters waar daar vrede is”, word die oorvloedigheid van die herder se versorging beskryf (Miller 1986:114). In die lig van die konteks en binne die raamwerk van die herdermetafoor impliseer die uitdrukking in 3a dat Jahwe “nuwe krag” gee wanneer die digter lewensmoeg is en hom net met moeite kan voortsleep.

In 3b word dit duidelik dat die herder die digter op “die regte paaie” lei sodat hy sy bestemming kan bereik. Die implikasie is dat daar verkeerde paaie of gevaarlike paaie is waarop die digter hom sou kon bevind. Die herder ken egter die regte paaie en lei sy kudde op dié paaie. Jahwe lei die digter op “die regte paaie”. Hiermee word nie die regverdige dade van die digter bedoel nie. Dit gaan om ’n gelukkige en beskermde wandel onder Jahwe se lewens- en heilsorg. Dié paaie lei die digter nie op ’n dwaalspoor en na ongeluk nie, maar na die volheid van die heil (Zenger 1993:154).

Tussen die berge van Juda is daar diep, gevaarlike en donker klowe met baie grotte wat dikwels aan rowers en roofdiere skuilplek gegee het. Die digter gebruik hierdie beeld om aan te toon dat Jahwe, die herder, ook in “’n dal van donker diepte”, in die grootste gevare, by sy “kudde” is.

In die struktuur van Psalm 23 is 4b die skarnier. Hierdie posisie van 4b word bevestig deurdat dit presies die middelste van die nege stiges van die psalm is (Prinsloo 1991:37). 4b bevestig wat in 4a gesê is en gryp ook vooruit na die res van die psalm. Die eerste deel van hierdie versreël is ’n vertrouensuitspraak dat Jahwe teenwoordig is. Sy persoonlike teenwoordigheid word beklemtoon deurdat Hy direk in die tweede persoon aangespreek word én deur die persoonlike voornaamwoord “U” voorop in die sinskonstruksie te stel (Prinsloo 1991:46).

Die tweede deel van 4b toon aan dat die teenwoordigheid van Jahwe ook ’n beskermende teenwoordigheid is. Daar is uiteenlopende standpunte oor wat met die uitdrukking “u stok” en “u staf” bedoel word. Volgens Prinsloo (1991:47) is die twee woorde ’n woordpaar wat in dié konteks dieselfde betekenis het en wat in digterlike spreekwyse saam geplaas is. Op dié manier word die omvattende beskerming van Jahwe geteken. Die “stok” en die “staf” is hier as ’t ware die verlengstuk van Jahwe se handeling.

Hiermee word Jahwe se teenwoordigheid beskryf. Op die voetspoor van Zenger (1997:229) sien ek egter die “stok” as ’n wapen wat die herder gebruik het om sy skape teen gevaarlike diere te beskerm. Die “staf” is gebruik om op te leun en om sy skape nader te trek en te lei (vgl ook Van Uchelen 1971:161; Jüngling 1998:801).

6. DIE NEERSLAG VAN PSALM 23 IN DIE LITURGIE

In die erediens kan die metaforiese netwerk die liturgiese elemente bind. In die *votum* kan die liturg byvoorbeeld met Psalm 23:1 begin: “Die Here is my herder” waarop die gemeente kan antwoord: “niks sal my ontbreek nie,” Die *lofsang* kan uit Psalm 23 volg. Die eerste strofe van T T Cloete (2001) se omdigting lui soos volg:

My Heer, my herder, laat my niks ontbreek nie.
Daar waar dit groen in oorvloed is, daar mag ek wei.
Hy sorg vir my, laat my nooit in die steek nie.
Na waters van die rus word ek deur Hom gelei.
Hy lei my altyd op die regte weë
ter wille van sy Naam volg ek gedweë.

In die *skuldbelydenis* kan die woorde “al gaan ek ook deur ’n dal van donkerte...”, sinvol aangewend word. Hierop kan die *vryspraak* volg, “U is met my”. In die *preek* kan die hoorders na die groen weilande en kreunende tafels gebring word. Psalm 23 bied opwindende preekmoontlikhede vir ’n preek tydens die nagmaal. Die tafel is gedek met brood en wyn – sigbare, smaakbare en proebare tekens van die Here se goedheid en guns. In die gemeente se *antwoordlied* kan daar weer vrugbaar van strofes uit Psalm 23 (Cloete 2001) gebruik gemaak word. Hierdie strofes lui soos volg:

Ek sal die dood se donker dal nie vrees nie.
Ek moet daar deurgaan, maar ek weet U is by my.
Alleen en sonder U sal ek nooit wees nie
en in u hande sal ek altyd veilig bly.
Geen duisternis vrees ek en ook geen kwaad nie
want u vertroosting sal my nooit verlaat nie.

Totdat dit oorloop, Heer, vul U my beker.
'n Feesmaal word vir my as eregas berei.
Van gasvryheid word ek deur U verseker.
U salf my hoof, u tafel is oorlaai vir my.
Ek bly by U, Heer, in u huis van voorspoed
en lewenslank deel ek daar in u oorvloed.

Die *seën* kan soos volg uitgespreek word: “Die Here is by jou. Al die dae van jou lewe”
waarop die gemeente singend of sprekend met 'n *amen* kan afsluit.

7. BEELDENE TAAL IN DIE POËSIE

Beeldende Bybelse spreke het deur die eeue invloed, bewustelik of onbewustelik, op die poësie uitgeoefen. Die Bybelse beelde word dan getransponeer en getransformeer sodat 'n nuwe sêkrag tot stand kom. Die gedigte wat hier volg, is enkele voorbeelde van die proses.

In die gedig *kroniek*³ (Vos 199:23) word die inkarnasie en lewensloop van Jesus beskryf. Al sterf Hy aan 'n kruis, word sy oorwinning aangedui deur die versreël: “kyk, hoe wapper hy in die wind.”

In D J Opperman se gedig, *Paddas*⁴ (1984:81-82), word 'n storiemetafoor wat op 'n interteks berus, gebruik. Die gedig gee 'n verrassende blik op die Egiptiese paddaplaag en laat ons in die paddakoor God se lof hoor. Die paddas verteenwoordig die nederiges, die eenvoudiges. God lê sy lof in die monde van die geringes. Die digter sien dit raak en verklaar uit die perspektief van die paddakoor:

Ons wat uit die slym
berg en ster berym,
roep oor die borreling van die moeras
deur die eeue in ons sange,
toesang en teensange
op Hom die groot hosannas.

Die poësie leef van beelde. Beeldende taal maak die Bybel en die poësie lewend, sigbaar en tasbaar.

8. SLOTWOORD

In die artikel het dit na vore gekom dat beeldende taal soos 'n rivier deur die taallandskap loop. Die metafoer se verskillende funksies is ondersoek en daar is aangetoon hoe die funksies in Bybeltekse en in die poësie neerslag vind. Beeldende taal is soos 'n klok wat lui en mense laat luister.

Aantekeninge

1. Weefsels bloei rou
van mondreise se diep spore;
my asem jaag swart in die holte,
stroop groen drome.

My tong draf driftig
om woedende binnepyn
in die donker holte te verlig,
klop aan slapende woorde

tot hulle na gode se pype dans
en op papier uitmond.

2. Ek kry 'n klein beitelkje,
ek tik hom en hy klink;
toe slyp ek en ek slyp hom
totdat hy klink en blink.

Ek sit 'n klippie op 'n rots:
– mens moet jou vergewis:
'n beitel moet kan klip breek
as hy beitel is –

ek slaat hom met my beitelkje
en dié was sterk genoeg:
daar spring die klippie stukkend
so skoon soos langs 'n voeg:

toe, onder my tien vingers bars
die grys rots middel deur
en langs my voete voel ek
die sagte aarde skeur,

die donker naat loop deur my land
en kloof hom wortel toe –
só moet 'n beitel slaan
wat beitel is, of hoé?

Dan, met twee goue afgronde
val die planeet aan twee
en oor die kranse, kokend,
verdwyn die vlak groen see

en op die dag sien ek die nag
daar anderkant gaan oop
met 'n bars wat van my beitel af
dwarsdeur die sterre loop.

3. God se engelkind het in 'n stal
geval en 'n aardvrou het hom gesoog.
vir ses dae tussen duiwels gefladder
en die sewende dag het hy
in 'n doringboom vasgevlieg.

kyk, hoe wapper hy in die wind.

4. As die water uit die hemel sak
oor blaar, sambreel en dak,
begin diep deur die reën ontroer
in alle plasse
en moerasse

ons, die tortels van die modder, koer.
Ons voel opnuut Sy gees
soos in die begin uitsweef,
en uit die eerste modders opgewek,
hervat ons klein, onwys,
terwyl ons skel of prys
die onvoltooide groot gesprek.

Die eerste helderhede wyk
en alles word bedek met slyk.
Tussen die biesies van die stede uit
deur die lang nagwaak
terwyl die ander slaap,
ryg ons die stringe liggies van die kuit.

Ons mik nog na 'n mot
dan hoor ons die bevel van God:
“Spring uit elke sloot en kreupelbos
in kombuis, in room,
in elke bed, in elke droom
tot Farao My gevange volk verlos.”

Ons wat uit die slym
berg en ster berym,
roep oor die borreling van die moeras
deur die eeue in ons sange,
toesang en teensange
op Hom die groot hosannas.

Literatuurverwysings

Black, M 1962. *Models and Metaphors: Studies in language philosophy*. Ithaca, New York: Cornell University Press.

Breytenbach, B 1998. *Papierblom*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Carson, A 2000. *Men in the off hours*. New York: Alfred A Knopf.

- Carstens, A 1992. Metonimie, polisemie en die leksikografie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 10(3), 114-122.
- Carstens, A 1993. 'n Funksionele benadering tot metonimie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 11(3), 85-93.
- Cloete, T T 1980. *Angelliera*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T T 1989. *Driepas*. Kaapstad: Tafelberg.
- Cloete, T T 2001. 150 Psalms. *Liedboek van die Kerk*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Gräbe, I 1992. Metafoor, in Cloete, T T (red.), *Literêre terme en teorieë*, 288-293. Pretoria: HAUM Literêr.
- Hirsch, E 199. *How to read a poem*. San Diego, New York, London: A Harvest Book Harcourt, Inc.
- Johnson, M 1987. *The body in the mind: The bodily basis of meaning imagination and reason*. Chicago: University of Chicago Press.
- Jüngling, H-W 1998. Psalms 1-41, in Farmer, R (ed), *The International Bible Commentary: A Catholic and Ecumenical Commentary for the Twenty-First Century*, 800-801. Minnesota: The Liturgical Press, Collegeville.
- Lakoff, G & Johnson, M 1980. *Metaphors we live by*. Chicago: University of Chicago Press.
- Liebenberg, J 2001. *The Language of the Kingdom and Jesus: Parable, aphorism, and metaphor in the sayings material common to the synoptic tradition and the gospel of Thomas*. Berlin: Walter de Gruyter.
- Louw, N P van Wyk 1988. Die beiteljtjie, in *Versamelde Gedigte*, 186. Kaapstad: Tafelberg.
- Miller, P D 1986. *Interpreting the Psalms*. Philadelphia: Fortress Press.
- Mittman, S 1980. Aufbau und Einheit des Danklieds Psalm 23. *ZThK* 77, 1-23.
- O'Conner, C 1984. The structure of Psalm 23. *LS* 10(3), 206-230.
- Opperman, D J 1984. *Blom en Baaierd*. Kaapstad: Tafelberg
- Prinsloo, W S 1991. *Die Psalms leef!* Halfway House: NG Kerkboekhandel.
- Ricoeur, P 1975. Biblical Hermeneutics. *Semeia* 4, 29-145.
- Ricoeur, P 1979. Naming God. *Union Seminary Quarterly Review* 34(4), 15-27.

- Ricoeur, P 1986. *The rule of Metaphor: Multi-disciplinary studies of the creation of meaning in language*. London: Routledge.
- Siertsema, B 1998. Verbeelding in de liturgie, in Oskamp, P en Schuman, N A (reds), *De weg van de liturgie: Tradities, achtergronden, praktijk*, 279-387. Zoetermeer: Meinema.
- Spieckermann, H 1989. *Heilsgegenwart: Eine Theologie der Psalmen*. Göttingen: Vandenhoeck Ruprecht.
- Tennyson, A 1956. *In memoriam*. London: Macmillan.
- Van Huyssteen, J W 1986. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording*. Pretoria: RGN Drukkery.
- Van Huyssteen, J W 1997. *Essays in Postfoundationalist Theology*. Grand Rapids : Eerdmans.
- Van Uchelen, N A 1971. *Psalmen, I*. Nijkerk: Callenbach.
- Vos, C J A 1999. *Vuurtong*. Pretoria: Benedic Boeke.
- Vos, C J A 2001. *Gode van papier*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Zenger, E 1993. Psalm 23, in Hossfeld, F L & Zenger, E, *Die Psalmen, I*, 152-156. Würzburg: Echter Verlag.
- Zenger, E 1997. *Die Nacht wird leuchten wie der Tag: Psalmenauslegungen*. Neuausg., Freiburg, Basel, Wenen: Herder.